Skrifgedeelte: Lukas 9:57-62

Fokusvers: Lukas 9:62

Tema: Volg Jesus Christus met jou oë gefokus op God se koninkryk!

Elkeen van ons het al of gaan `n dag soos vandag beleef. Dit is `n dag waar jy in die openbaar "ja" sê vir Jesus Christus en vir geloof in God Drie-Enig. Ons weet dat die Here ons voor die skepping van die aarde al uitgekies het om in Hom te glo en dat die Heilige Gees geloof in ons werk en dat Jesus Christus vir ons die pad na God die Vader toe deur Sy sterwe en opstanding oopgemaak het. En dan kom die dag wat ons Here ons roep: "Volg My!"

Wat Steven, Merichia en Jan-Harm vandag gaan doen, is niks anders nie as om "ja" te antwoord op die roepstem van die Here nie. Só het elkeen van ons wat al belydenis van ons geloof afgelê het reeds "ja" gesê en gaan dié van ons wat nog gaan belydenis aflê ook eendag "ja" sê. Die vraag is egter: waarvoor sê jy "ja" wanneer die Here jou roep?

In gesprekke met hierdie drie jongmense het ons baie keer vir mekaar gesê dat vandag die wegspringblok is in hulle verhouding met die Here en dat hulle nou die wedloop voluit moet hardloop. Die meeste van ons sal saam stem hiermee. Die realiteit is egter dat ons dikwels vandag hier "ja" sou sê, maar dan met die gevolg dat ons eintlik in ons oë die eindstreep behaal. Nou kan ons agteroor sit en ontspan. Ons is klaar met die "werk" gedeelte van kerk-wees.

Pasop! Dan besef jy nie wat jou "ja" beteken nie! Ons Here Jesus Christus leer dit vir ons op `n besonderse manier deur dit wat met hierdie drie manne gebeur het in Lukas 9:57-62. Elkeen van hulle wou volg, maar nie een van hulle het werklik die koste bereken van wat dit beteken om "ja" te sê op die roepstem van die Here nie. Jesus wys die eerste een tereg oor `n ondeurdenkte impuls, die tweede een word deur die Here tereg gewys weens botsende belange en die derde een word deur die Here tereg gewys weens verdeelde aandag.

Kyk mooi wat doen die eerste persoon. Hy kom bloot na Jesus toe en sê dat hy Jesus sal volg waar Hy ook al gaan. Vanuit Matteus se weergawe van hierdie gebeure weet ons dat dit `n skrifgeleerde was. Eie aan sy tyd, wag hy nie vir die Rabbi om hom te roep nie, hy meld sommer self aan vir diens. Hy sal gaan waar hierdie Rabbi van hom ook al gaan. Hy tree impulsief op en dink nie mooi oor wat dit beteken om die Here Jesus Christus te volg nie.

Sien, as skrifgeleerde was hy gewoond dat rabbies goeie behandeling ontvang. Hulle bly in mooi, deftige huise, word goed versorg deur mense en word goed betaal vir hulle opinies oor wat die Ou Testament sê. Hierdie Rabbi, Jesus Christus, is egter nie soos hulle nie. Hy het nie eens `n dak oor sy kop nie! Kyk mooi hoe skerp wys die Here hierdie persoon daarop. Hy sê dat jakkalse gate het en voëls het neste. Dit is wilde diere waarvan Hy praat! Mak diere en troeteldiere word nog deur hulle eienaars versorg en of dit nou in `n stal of `n hondehok is, hulle het `n warm plek, uit die wind en weer, om te slaap. Jesus Christus het dit nie!

Hiermee sê Jesus Christus vir die skrifgeleerde dat dit alles behalwe lekker en aangenaam is om "ja" te antwoord op die roepstem van die Here. Om gelowige te wees is nie `n gemaklike lewe nie. Dit is `n lewe waar jy dikwels verstoot word en gehaat word, maar dit is `n lewe in diepe verhouding met God deur die Heilige Gees.

Jongmens wat vandag belydenis aflê: moenie vanoggend hier staan en `n impulsiewe antwoord gee nie! As jy nog nie die koste bereken het van wat dit beteken om `n gelowige te wees nie, moenie "ja" sê nie. Die dae is verby waar dit voordelig was om aan die kerk te behoort. Die dae is verby wat dit in die samelewing aanvaarbaar was dat jy in die openbaar vir Jesus Christus volg en gehoorsaam is aan God se wil. Ons lewe in die dae wat dit jou gaan kos om `n gelowige te wees. Ons lewe in die dae waar jy jou reputasie, jou finansiële sekuriteit en stabiliteit gaan moet weg gee as jy vir Jesus Christus volg. Ons lewe in die dae wat jy jou aardse besittings gaan moet prysgee en die aansien van die samelewing gaan moet opoffer wanneer jy werklik vir Jesus Christus wil volg.

As jy nie bereid is om werklik alles op te offer ter wille van Jesus Christus nie, moet liewers nie vandag "ja" sê nie. Maar hoor ook mooi, die Here het nie vir hierdie man "nee" gesê of hom geweier nie. Die Here wys hom nie weg nie, maar beweeg hom om werklik te dink oor wat dit beteken om Jesus Christus te volg, voor hy volg. As jy dus vanoggend, of enige ander dag weer "ja" sê, dink mooi waarvoor jy "ja" sê en leef dan voluit met jou oë gefokus op God se koninkryk.

Die tweede persoon word deur die Here self geroep. Wat `n besonderse eer is dit nie?! Die lewende Seun van God deur Wie die Vader alles gemaak het en onder Wie Hy alles een maak, roep hierdie persoon om Hom te volg. Daarom dat hy nie anders kan nie as om "ja" te sê: "Ja Here, maar..." en daar bots sy belange met die belange van die Here.

Ons Here Jesus Christus se antwoord klink amper genadeloos: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe". Ons hoor dikwels hoe predikante hierdie gedeelte meer aanvaarbaar probeer maak deur te praat van geestelike dooies. Dan begin ons egter iets in die gedeelte inlees wat daar nie staan nie! Christus praat hier van iemand wat letterlik dood is.

Die gebruik van die tyd was dat `n seun sy pa en sy ma moes begrawe. Hierdie begrafnis het gewoonlik die dag waarop die persoon gesterf het of die dag net daarna plaasgevind. Hierdie man se pa was dus heel moontlik nog nie dood nie, maar baie naby aan afsterwe. Of, wat ook kon gebeur het, is dat hierdie gebeure afgespeel het net nadat die seun se pa gesterf het, want `n jaar na die afsterwe sou die seun weer `n tipe begrafnis moes hou. Met hierdie tweede begrafnis is die bene van sy oorlede pa bymekaar gemaak en in `n beenboks in die familiegraf gebêre, sodat nog iemand in hierdie graf begrawe kon word.

Wat hierdie dissipel dus vra is tot soveel as `n jaar se uitstel voordat hy Jesus kan volg en op hierdie manier probeer hy vir Jesus sê dat sy pa se begrafnis net so belangrik is soos om Jesus Christus te volg en die koninkryk van God te leef. Tog sê Jesus nie “Nee” vir hom nie. Hierdie antwoord van Jesus was daarop gemik dat die persoon sal besef dat om Jesus te volg, sal inhou dat jou hele lewe rondom die koninkryk van God draai. So, ook in die begrafnis wat hierdie man moes afhandel, moes hy die koninkryk van God verkondig, want dit is juis deurdat hy die koninkryk van God verkondig, wat hy vir Jesus volg.

Jongmens wat vandag belydenis van geloof aflê: as jy vandag "ja" sê, sê jy "ja" omdat God se koninkryk vir jou die belangrikste is. Dit beteken dat daar vir jou niks anders in die lewe is wat naby aan die koninkryk van God kom nie. Dit beteken dat jy besef dat jy nie hier op aarde is om jou eie koninkryk van rykdom, aansien, respek, besittings of wat ook al te bou nie, maar om met alles wat jy is en het die koninkryk van God te bou. Mag die Heilige Gees elkeen van julle help om eers die

koninkryk van God en die wil van God te soek en dat julle dan sal beleef hoe God alles vir julle gee wat julle nodig het om te lewe en Hom te dien.

Die laaste persoon kom na die Here Jesus toe met verdeelde aandag. Aan die een kant meld hy sommer self aan, soos die eerste persoon, maar nes die tweede persoon wil hy ook iets doen voordat hy wil begin volg. Hy wil gou eers sy mense gaan groet voor hy sal begin om die Here te volg. Dan antwoord die Here hom deur te sê dat jy nie jou hand aan die ploeg kan slaan en aanhou omkyk na wat agter is nie. Dan is jy nie geskik vir die koninkryk van God nie. Kom ons stel die woorde van ons Here anders: "Hou jou aandag en jou liefde geheel en al gefokus op die pad waartoe Ek jou geroep het!"

Jongmens wat vanoggend belydenis van geloof aflê: as jy vanoggend "ja" sê, sê jy "ja" vir die pad waartoe die Here jou geroep het. Dit is die pad waarop jy jouself moet verloën, jou kruis moet opneem en Hom moet volg. Moenie dat die verleidelikhede van hierdie wêreld en moontlike gevare wat daar dalk mag wees, jou aandag afhaal van die roeping wat die Here vir jou gee nie. Dit mag dalk wees dat die Here jou roep om verpleegster, boer of omgewingskundige te wees. Dit mag dalk wees dat God jou roep om in `n vêr-af land Sy blye boodskap te bring. Wat dit ook mag wees, onthou: dieselfde God wat jou geroep het, is die God wat alle mag in die hemel en op die aarde besit. Dit is dieselfde God wat alles gemaak het. Dit is dieselfde God wat elke dag vir elke dier, voël, vis en plant sorg. Dit is dieselfde God wat jou elke dag beskerm en bewaar.

Kom sê vanoggend "ja" op die roepstem van ons Here. Kom sê "ja" omdat die Heilige Gees jou beweeg om dit te doen. Maar kom sê ja, sonder om impulsief te wees, sonder om gedeelde belange te hê en sonder om verdeelde aandag te hê. Kom sê "ja" en volg Jesus Christus met jou oë gefokus op God se koninkryk.

Amen